Resensie 7
Februarie 2012

## Titel: Our Church has AIDS
## Subtitel: Preaching about HIV and AIDS in Africa today
## Outeur: Mash, R. et al. 2009
## Uitgewer: Stellenbosch: NetAct

Uit die aard van die saak word 'n publikasie verwelkom wat die kerk se aandag toespits op die MIV en vigs-epidemie. Dit is duidelik hoe Afrika en ander ontwikkelende lande vasval in die gevolge van hierdie epidemie en hoe dat dit nie bloot die kwaliteit van lewe van enkele mense beïnvloed nie , maar veral dié van sosiale sisteme. Die epidemie is verstrengel met kulturele stelsels, ekonomiese vraagstukke, gesondheid en mediese sorg en normatiewe raamwerke. "The consequences of HIV are often most severe in the poorest sectors of society" (bl 3).

Die publikasie fokus veral op twee sentrale vraagstukke, naamlik die vraagstuk van bekendmaking (disclosure) en stigmatisering. Die publikasie dui aan dat alhoewel die kerk in die algemeen wel reageer met sorg en ondersteuning, daar steeds ‘n traagheid is om die aard van die omvang van die epidemie te hanteer en toepaslik daarop te reageer (bl 15). Dikwels is die respons meer amptelik en formeel.

Uganda word uitgesonder as 'n land wat konstruktief op die uitdaging reageer. In dié verband word die bevordering van die ABC-model (A = Abstinence; B = Be Faithful; C = Condomizing) binne die Afrika-konteks genoem ten einde op voorkomende vlak te opereer (ble 17-18).

Met verwysing na stigmatisering en die uitdaging wat dit aan teologiese refleksie bied, word verwys na die verband tussen stigma en sonde (ble 24-25), die rol van liefde, asook die belang van hoop (ble 25-26). 'n Paar preeksketse word ingevoeg om diegene te help wat oor die tema wil preek. In dié verband speel die gelykenis van die barmhartige Samaritaan 'n prominente rol.

Onder die tema “God made sex, not Hollywood” word gewys op die verband tussen MIV en vigs en die vraagstuk van seksuele intimiteit (ble 38-56). Interessant is die opmerking (bl 38) oor die verband tussen seks, sonde, straf en God binne die Nigeriese konteks. Die ABC-model word bespreek met die belangrike opmerking, “The limitation of the ABC approach is that it focuses only on the physical act of sex” (bl 45). Daar word verwys na die belang van seksuele voorligting aan jong mense.

Verdere temas wat aangeraak word is die verband met armoede; die vraagstuk van kinders, veral MIV-weeskinders; geweld; die posisie van die vrou en die rol van die klag binne die vraagstuk van troos.

'n Mens is dankbaar oor die publikasie. Die publikasie is "lig" in dié sin dat die kritiese bespreking rakelings is en dat daar nie wesenlik na die teologiese

vraagstukke gekyk word nie. Veral die vraag oor hoe die epidemie bestaande ekklesiologiese stelsels raak, onder andere die vraagstuk van denominasionalisme. Waarskynlik was dit nie die bedoeling van die publikasie nie. Wanneer daar egter wel na die ABC-model verwys word, sou mens graag wou hê dat daar na ander modelle verwys word omdat hierdie model nie die vraagstuk van tiener seksualiteit sinvol aanspreek nie (vgl die vraagstuk van onthouding).

**PROF D J LOUW**
**FAKULTEIT TEOLOGIE**
**STELLENBOSCH**
Februarie 2012